



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
 VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1971

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 20c PRYS

OVERSEAS 30c OORSEE

POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOFRANT No. 1971

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 107]

PRETORIA, 10 MAY 1974
 10 MEI

[No. 4276

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 93, 1974

ADDITIONS TO THE WARSAW CONVENTION

Under the powers vested in me by section 5 of the Carriage By Air Act, 1946 (Act 17 of 1946), as amended, I do declare as follows:

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates—

“Act” means the Carriage By Air Act, 1946 (Act 17 of 1946), as amended;

“Guadalajara Convention” means the Convention, supplementary to the Warsaw Convention, for the unification of certain rules relating to international carriage by air performed by a person other than the contracting carrier, signed at Guadalajara on the 18th day of September 1961, which Convention was acceded to and confirmed on behalf of the Republic of South Africa on the 4th day of January 1974, the English text of which, together with an Afrikaans translation thereof, is set forth in the Schedule to this Proclamation;

“Hague Protocol” means the Protocol, the English text of which, together with an Afrikaans translation thereof, is set forth in the Schedule to Proclamation R. 294, 1967;

“Warsaw Convention” means the Convention of which a translation in English and Afrikaans is set forth in the Schedule to the Act;

“Warsaw Convention as amended at the Hague, 1955,” means the Warsaw Convention as amended by the Hague Protocol.

2. (1) As from the 4th day of April 1974, the provisions of the Guadalajara Convention shall, in so far as they relate to the rights and liabilities of carriers, passengers, consignors, consignees and other persons, and subject to the provisions of the Act, be observed and have the force of law in the Republic in relation to any carriage by air to which the said Convention applies, irrespective of the nationality of the aircraft performing the carriage: Provided that the places of departure and destination are situated either in the territories of two parties to the said Convention or within the territory of a single party to the said Convention, with an agreed stopping place in the territory of another State.

A—23106

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 93, 1974

TOEVOEGINGS AAN DIE KONVENSIE VAN WARSCHAU

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Wet op Lugvervoer, 1946 (Wet 17 van 1946), soos gewysig, verklaar ek hierby soos volg:

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Proklamasie—

“Wet” die Wet op Lugvervoer, 1946 (Wet 17 van 1946), soos gewysig;

“Konvensie van Guadalajara” die Konvensie, aanvullend by die Konvensie van Warschau, ter bereiking van eenvormigheid insake sekere reëls met betrekking tot internasionale lugvervoer onderneem deur 'n ander persoon as die kontrakterende karweier, onderteken te Guadalajara op die 18de dag van September 1961, welke Konvensie namens die Republiek van Suid-Afrika aanvaar en bekragtig is op die 4de dag van Januarie 1974, waarvan die Engelse teks, tesame met 'n Afrikaanse vertaling daarvan, in die Bylae van hierdie Proklamasie uiteengesit is;

“die Haagse Protokol” die Protokol waarvan die Engelse teks, tesame met 'n Afrikaanse vertaling daarvan, in die Bylae van Proklamasie R. 294, 1967, uiteengesit is;

“Konvensie van Warschau” die Konvensie waarvan 'n vertaling in Engels en in Afrikaans in die Bylae van die Wet uiteengesit is;

“Konvensie van Warschau soos gewysig in Den Haag, 1955,” die Konvensie van Warschau soos by die Haagse Protokol gewysig.

2. (1) Vanaf die 4de dag van April 1974 moet die bepalinge van die Konvensie van Guadalajara, in soverre hulle betrekking het op die regte en verpligtinge van karweiers, passasiers, afsenders, geadresseerdes en ander persone, en behoudens die bepalinge van die Wet, in die Republiek nagekom word en hulle regsrag met betrekking tot enige lugvervoer waarop genoemde Konvensie van toepassing is, sonder inagneming van die nasionaliteit van die lugvaartuig wat die karweierwerk verrig: Met dien verstande dat die plekke van vertrek en bestemming geleë is of binne die gebiede van twee Partye by genoemde Konvensie of binne dié gebied van 'n enkele Party by genoemde Konvensie, met 'n vasgestelde aandoenplek binne die gebied van 'n ander Staat.

1—4276

(2) This section shall not apply so as to affect rights or liabilities arising out of an occurrence which took place prior to the coming into force of this section.

3. Nothing contained in section 2 of this Proclamation shall be deemed to affect the application, in accordance with the Act and Proclamation R. 294, 1967, of the Warsaw Convention or of the Hague Protocol to any carriage by air undertaken in terms of any contract, one of the parties to which is not bound by the requirements of the Guadalajara Convention.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-seventh day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE
CONVENTION

SUPPLEMENTARY TO THE WARSAW CONVENTION, FOR THE UNIFICATION OF CERTAIN RULES RELATING TO INTERNATIONAL CARRIAGE BY AIR PERFORMED BY A PERSON OTHER THAN THE CONTRACTING CARRIER

Article I

In this Convention—

(a) "Warsaw Convention" means the Convention for the Unification of Certain Rules Relating to International Carriage by Air signed at Warsaw on 12 October 1929, or the Warsaw Convention as amended at The Hague, 1955, according to whether the carriage under the agreement referred to in paragraph (b) is governed by the one or by the other;

(b) "contracting carrier" means a person who as a principal makes an agreement for carriage governed by the Warsaw Convention with a passenger or consignor or with a person acting on behalf of the passenger or consignor;

(c) "actual carrier" means a person, other than the contracting carrier, who, by virtue of authority from the contracting carrier, performs the whole or part of the carriage contemplated in paragraph (b) but who is not with respect to such part a successive carrier within the meaning of the Warsaw Convention. Such authority is presumed in the absence of proof to the contrary.

Article II

If an actual carrier performs the whole or part of carriage which, according to the agreement referred to in Article I, paragraph (b), is governed by the Warsaw Convention, both the contracting carrier and the actual carrier shall, except as otherwise provided in this Convention, be subject to the rules of the Warsaw Convention, the former for the whole of the carriage contemplated in the agreement, the latter solely for the carriage which he performs.

Article III

1. The acts and omissions of the actual carrier and of his servants and agents acting within the scope of their employment shall, in relation to the carriage performed by the actual carrier, be deemed to be also those of the contracting carrier.

(2) Hierdie artikel word nie op so 'n wyse toegepas dat dit regte of verpligtings raak wat ontstaan het as gevolg van 'n gebeurtenis wat voor die inwerkingtreding van hierdie artikel plaasgevind het nie.

3. Niks wat vervat is in artikel 2 van hierdie Proklamasie word geag inbreuk te maak nie op die toepassing, ooreenkomstig die Wet en Proklamasie R. 294, 1967, van die Konvensie van Warschau of van die Haagse Protokol op enige lugvervoer onderneem ingevolge enige kontrak, waarby een van die Partye nie gebind is deur die veristes van die Konvensie van Guadalajara nie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE
KONVENSIE

AANVULLEND BY DIE KONVENSIE VAN WARSCHAU, TER BEREIKING VAN EENVORMIGHEID INSAKE SEKERE REËLS MET BETREKKING TOT INTERNASIONALE LUGVERVOER, DEUR 'N ANDER PERSOON AS DIE KONTRAKTERENDE KARWEIER

Artikel I

In hierdie Konvensie beteken—

(a) "Konvensie van Warschau" die Konvensie ter bereiking van eenvormigheid insake sekere reëls met betrekking tot internasionale lugvervoer, op 12 Oktober 1929 te Warschau onderteken, of die Konvensie van Warschau in 1955 in Den Haag gewysig, na gelang die vervoer kragtens die ooreenkoms in paragraaf (b) bedoel aan die een of die ander onderworpe is;

(b) "kontrakterende karweier" 'n persoon wat in sy hoedanigheid van 'n prinsipaal 'n vervoerooreenkoms, onderworpe aan die Konvensie van Warschau, met 'n passasier of 'n afsender of met 'n persoon wat namens die passasier of die afsender optree, sluit;

(c) "werklike karweier" 'n ander persoon as die kontrakterende karweier, wat uit hoofde van sy magtiging deur die kontrakterende karweier, die geheel of 'n gedeelte van die vervoer, in paragraaf (b) beoog, onderneem, maar wat nie ten opsigte van sodanige gedeelte 'n agtereenvolgende karweier, soos in die Konvensie van Warschau uiteengesit, is nie. Sodanige magtiging word, behoudens teenbewys, veronderstel.

Artikel II

Indien 'n werklike karweier die geheel of 'n gedeelte van die vervoer onderneem, wat volgens die ooreenkoms in Artikel I (b) bedoel, onderworpe is aan die Konvensie van Warschau, is beide die kontrakterende karweier en die werklike karweier, behoudens andersluidende bepalings in hierdie Konvensie, onderworpe aan die reëls van die Konvensie van Warschau, eersgenoemde vir die geheel van die vervoer in die ooreenkoms beoog en laasgenoemde slegs vir die vervoer wat hy onderneem.

Artikel III

1. Die handelinge en versuim deur die werklike karweier en deur sy werknemers en agente wat binne die bestek van hul diensplig handel, word, met betrekking tot die vervoer deur die werklike karweier onderneem, ook as dié van die kontrakterende karweier geag.

2. The acts and omissions of the contracting carrier and of his servants and agents acting within the scope of their employment shall, in relation to the carriage performed by the actual carrier, be deemed to be also those of the actual carrier. Nevertheless, no such act or omission shall subject the actual carrier to liability exceeding the limits specified in Article 22 of the Warsaw Convention. Any special agreement under which the contracting carrier assumes obligations not imposed by the Warsaw Convention or any waiver of rights conferred by that Convention or any special declaration of interest in delivery at destination contemplated in Article 22 of the said Convention, shall not affect the actual carrier unless agreed to by him.

Article IV

Any complaint to be made or order to be given under the Warsaw Convention to the carrier shall have the same effect whether addressed to the contracting carrier or to the actual carrier. Nevertheless, orders referred to in Article 12 of the Warsaw Convention shall only be effective if addressed to the contracting carrier.

Article V

In relation to the carriage performed by the actual carrier, any servant or agent of that carrier or of the contracting carrier shall, if he proves that he acted within the scope of his employment, be entitled to avail himself of the limits of liability which are applicable under this Convention to the carrier whose servant or agent he is unless it is proved that he acted in a manner which, under the Warsaw Convention, prevents the limits of liability from being invoked.

Article VI

In relation to the carriage performed by the actual carrier, the aggregate of the amounts recoverable from that carrier and the contracting carrier, and from their servants and agents acting within the scope of their employment, shall not exceed the highest amount which could be awarded against either the contracting carrier or the actual carrier under this Convention; but none of the persons mentioned shall be liable for a sum in excess of the limit applicable to him.

Article VII

In relation to the carriage performed by the actual carrier, an action for damages may be brought, at the option of the plaintiff, against that carrier or the contracting carrier, or against both together or separately. If the action is brought against only one of those carriers, that carrier shall have the right to require the other carrier to be joined in the proceedings, the procedure and effects being governed by the law of the court seised of the case.

Article VIII

Any action for damages contemplated in Article VII of this Convention must be brought, at the option of the plaintiff, either before a court in which an action may be brought against the contracting carrier, as provided in Article 28 of the Warsaw Convention, or before the court having jurisdiction at the place where the actual carrier is ordinarily resident or has his principal place of business.

Article IX

1. Any contractual provision tending to relieve the contracting carrier or the actual carrier of liability under this Convention or to fix a lower limit than that which is

2. Die handelinge en versuim deur die kontrakterende karweier en deur sy werknemers en agente wat binne die bestek van hul diensplig handel, word, met betrekking tot die vervoer deur die werklike karweier onderneem, ook as dié van die werklike karweier geag. Desnieteenstaande is die werklike karweier se aanspreeklikheid as gevolg van sodanige handeling of versuim nie groter nie as die beperkings in Artikel 22 van die Konvensie van Warschau gespesifiseer. Enige spesiale ooreenkoms waarkragtens die kontrakterende karweier verpligtings aanvaar wat nie deur die Konvensie van Warschau opgelê word nie, of enige afstanddoening van regte deur daardie Konvensie toegeken of enige spesiale verklaring van belang in aflewering by bestemming, soos in Artikel 22 van genoemde Konvensie beoog, raak nie die werklike karweier nie, tensy hy daartoe ingestem het.

Artikel IV

Enige klagte of opdrag wat kragtens die Konvensie van Warschau aan die karweier gerig moet word, het dieselfde gevolg, hetsy dit aan die kontrakterende karweier of aan die werklike karweier gerig is. Desnieteenstaande is opdragte in Artikel 12 van die Konvensie van Warschau bedoel slegs van krag indien hulle aan die kontrakterende karweier gerig is.

Artikel V

Met betrekking tot die vervoer deur die werklike karweier onderneem, is enige werknemer of agent van daardie karweier of van die kontrakterende karweier, indien hy bewys dat hy binne die bestek van sy diensplig gehandel het, daarop geregtig om hom op die aanspreeklikheidsbeperkings te beroep wat kragtens hierdie Konvensie van toepassing is op die karweier namens wie hy as werknemer of agent optree, tensy daar bewys word dat hy gehandel het op 'n wyse wat, kragtens die Konvensie van Warschau, verhoed dat hy hom op die aanspreeklikheidsbeperkings kan beroep.

Artikel VI

Met betrekking tot die vervoer deur die werklike karweier onderneem, mag die totaal van die bedrae verhaalbaar op daardie karweier en die kontrakterende karweier en hul werknemers en agente wat binne die bestek van hul diensplig handel nie meer wees nie as die hoogste bedrag wat kragtens hierdie Konvensie teen of die kontrakterende karweier of die werklike karweier toegestaan kan word, maar geeneen van genoemde persone is aanspreeklik vir 'n groter bedrag as die aanspreeklikheidsbeperking wat op hom van toepassing is nie.

Artikel VII

Met betrekking tot die vervoer deur die werklike karweier onderneem, kan 'n aksie vir skadevergoeding, na goeddunke van die eiser, teen daardie karweier of die kontrakterende karweier of teen albei gesamentlik of afsonderlik ingestel word. Indien die aksie teen slegs een van daardie karweiers ingestel word, is daardie karweier daarop geregtig om te eis dat die ander karweier tot die aksie toetree en word die prosedure en gevolge bepaal deur die reg van die Hof waarin die saak dien.

Artikel VIII

Enige aksie vir skadevergoeding in Artikel VII van hierdie Konvensie beoog, moet na goeddunke van die eiser ingestel word of voor 'n hof waarin 'n aksie teen die kontrakterende karweier ingestel mag word, soos in Artikel 28 van die Konvensie van Warschau bepaal, of voor die hof wat regsbevoegdheid op die plek waar die werklike karweier gewoonlik woonagtig is of sy ver naamste besigheidsplek het.

Artikel IX

1. Enige kontraktuele bepaling wat daarop bereken is om die kontrakterende karweier of die werklike karweier van aanspreeklikheid kragtens hierdie Konvensie te onthef of om 'n laer perk vas te stel as wat kragtens hierdie

applicable according to this Convention shall be null and void, but the nullity of any such provision does not involve the nullity of the whole agreement, which shall remain subject to the provisions of this Convention.

2. In respect of the carriage performed by the actual carrier, the preceding paragraph shall not apply to contractual provisions governing loss or damage resulting from the inherent defect, quality or vice of the cargo carried.

3. Any clause contained in an agreement for carriage and all special agreements entered into before the damage occurred by which the parties purport to infringe the rules laid down by this Convention, whether by deciding the law to be applied, or by altering the rules as to jurisdiction, shall be null and void. Nevertheless, for the carriage of cargo arbitration clauses are allowed, subject to this Convention, if the arbitration is to take place in one of the jurisdictions referred to in Article VIII.

Article X

Except as provided in Article VII, nothing in this Convention shall affect the rights and obligations of the two carriers between themselves.

Article XI

Until the date on which this Convention comes into force in accordance with the provisions of Article XIII, it shall remain open for signature on behalf of any State which at that date is a member of the United Nations or of any of the Specialised Agencies.

Article XII

1. This Convention shall be subject to ratification by the signatory States.

2. The instruments of ratification shall be deposited with the Government of the United States of Mexico.

Article XIII

1. As soon as five of the signatory States have deposited their instruments of ratification of this Convention, it shall come into force between them on the 90th day after the date of the deposit of the fifth instrument of ratification. It shall come into force for each State ratifying thereafter on the 90th day after the deposit of its instrument of ratification.

2. As soon as this Convention comes into force, it shall be registered with the United Nations and the International Civil Aviation Organisation by the Government of the United States of Mexico.

Article XIV

1. This Convention shall, after it has come into force, be open for accession by any State Member of the United Nations or of any of the Specialised Agencies.

2. The accession of a State shall be effected by the deposit of an instrument of accession with the Government of the United States of Mexico and shall take effect as from the 90th day after the date of such deposit.

Article XV

1. Any Contracting State may denounce this Convention by notification addressed to the Government of the United States of Mexico.

2. Denunciation shall take effect six months after the date of receipt by the Government of the United States of Mexico of the notification of denunciation.

Konvensie van toepassing is, is nietig, maar die nietigheid van enige sodanige bepaling het nie tot gevolg dat die hele ooreenkoms nietig is nie, en die ooreenkoms bly onderworpe aan die bepalings van hierdie Konvensie.

2. Ten opsigte van die vervoer deur die werklike karweier onderneem, is die voorafgaande paragraaf nie van toepassing nie op kontraktuele bepalings wat betrekking het op verlies of skade as gevolg van die inherente defek, kwaliteit of ondeugdelikheid van die vrag wat vervoer is.

3. Alle klousules vervat in 'n ooreenkoms vir vervoer en alle spesiale ooreenkomste aangegaan voordat die skade plaasgevind het, luidens welke die partye die deur hierdie Konvensie vasgestelde reëls heet te oortree, hetsy deur te besluit watter reg toegepas moet word of deur die reëls aangaande regsbevoegdheid te wysig, is nietig. Vir die vervoer van vrag word arbitrasieklausules egter, behoudens hierdie Konvensie, toegelaat, indien die arbitrasie binne een van die in Artikel VIII genoemde regsgebiede moet plaasvind.

Artikel X

Behoudens Artikel VII, raak niks in hierdie Konvensie die onderlinge regte en verpligtings van die twee karweiers nie.

Artikel XI

Tot die datum waarop hierdie Konvensie ooreenkomstig die bepalings van Artikel XIII in werking tree, bly dit oop vir ondertekening namens enige Staat wat op daardie datum 'n lid is van die Verenigde Volke-organisasie of van enige van die Gespesialiseerde Agentskappe.

Artikel XII

1. Hierdie Konvensie is onderworpe aan bekragtiging deur die State wat dit onderteken.

2. Die bekragtigingsdokumente moet in bewaring gegee word aan die Regering van die Verenigde State van Meksiko.

Artikel XIII

1. Sodra vyf van die State wat dit onderteken hul bekragtigingsdokumente van hierdie Konvensie in bewaring gegee het, word dit tussen hulle van krag op die 90ste dag na die datum waarop die vyfde bekragtigingsdokument in bewaring gegee is. Vir elke Staat wat dit daarna bekragtig, word dit van krag op die 90ste dag na die bewaargewing van sy bekragtigingsdokument.

2. Sodra hierdie Konvensie van krag word, moet dit deur die Regering van die Verenigde State van Meksiko by die Verenigde Volke en die Internasionale Burgerlugvaartorganisasie geregistreer word.

Artikel XIV

1. Nadat hierdie Konvensie van krag geword het, bly dit oop vir toetreding deur enige Staat wat lid is van die Verenigde Volke of van enige van die Gespesialiseerde Agentskappe.

2. Die toetreding van 'n Staat word bewerkstellig deur die bewaargewing van 'n toetredingsdokument aan die Regering van die Verenigde State van Meksiko en word van krag vanaf die 90ste dag na die datum van sodanige bewaargewing.

Artikel XV

1. Enige kontrakterende Staat kan hierdie Konvensie opseë by kennisgewing aan die Regering van die Verenigde State van Meksiko.

2. Opsegging tree in werking ses maande na die datum van ontvangs van die kennisgewing van opsegging deur die Regering van die Verenigde State van Meksiko.

Article XVI

1. Any contracting State may at the time of its ratification of or accession to this Convention or at any time thereafter declare by notification to the Government of the United States of Mexico that the Convention shall extend to any of the territories for whose international relations it is responsible.

2. The Convention shall, 90 days after the date of the receipt of such notification by the Government of the United States of Mexico, extend to the territories named therein.

3. Any contracting State may denounce this Convention, in accordance with the provisions of Article XV, separately for any or all of the territories for the international relations of which such State is responsible.

Article XVII

No reservation may be made to this Convention.

Article XVIII

The Government of the United States of Mexico shall give notice to the International Civil Aviation Organisation and to all States members of the United Nations or of any of the Specialised Agencies—

(a) of any signature of this Convention and the date thereof;

(b) of the deposit of any instrument of ratification or accession and the date thereof;

(c) of the date on which this Convention comes into force in accordance with Article XIII, paragraph 1;

(d) of the receipt of any notification of denunciation and the date thereof;

(e) of the receipt of any declaration or notification made under Article XVI and the date thereof.

In witness whereof the undersigned Plenipotentiaries, having been duly authorised, have signed this Convention.

Done at Guadalajara on the Eighteenth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-one in three authentic texts drawn up in English, French and Spanish languages. In case of any inconsistency, the text in the French language, in which language the Warsaw Convention of 12 October 1929 was drawn up, shall prevail. The Government of the United States of Mexico will establish an official translation of the text of the Convention in the Russian language.

This Convention shall be deposited with the Government of the United States of Mexico with which, in accordance with Article XI, it shall remain open for signature, and that Government shall send certified copies thereof to the International Civil Aviation Organisation and to all States members of the United Nations or of any Specialised Agency.

Note.—Names not printed.

Artikel XVI

1. Enige kontrakterende Staat kan, ten tye van sy bekragtiging van of toetreding tot hierdie Konvensie of te eniger tyd daarna by kennisgewing aan die Regering van die Verenigde State van Meksiko verklaar dat die Konvensie uitgebrei word na enige van die gebiede vir die internasionale betrekkinge waarvan hy verantwoordelik is.

2. Die Konvensie moet 90 dae na die datum van ontvangs van sodanige kennisgewing deur die Regering van die Verenigde State van Meksiko na die gebiede in die kennisgewing genoem, uitgebrei word.

3. Enige kontrakterende Staat kan hierdie Konvensie, ooreenkomstig die bepalings van Artikel XV, afsonderlik vir enige van of vir al die gebiede vir die internasionale betrekkinge waarvan sodanige Staat verantwoordelik is, opse.

Artikel XVII

Geen voorbehoud mag by hierdie Konvensie gemaak word nie.

Artikel XVIII

Die Regering van die Verenigde State van Meksiko moet die Internasionale Burgerlugvaartorganisasie en al die ledestate van die Verenigde Volke of van enige van die Gespesialiseerde Agentskappe in kennis stel—

(a) van enige ondertekening van hierdie Konvensie en die datum daarvan;

(b) van die bewaargewing van enige dokument van bekragtiging of toetreding en die datum daarvan;

(c) van die datum waarop hierdie Konvensie in werking tree ooreenkomstig Artikel XIII, paragraaf 1;

(d) van die ontvangs van enige kennisgewing van opsegging en die datum daarvan;

(e) van die ontvangs van enige verklaring of kennisgewing ingedien ingevolge Artikel XVI en die datum daarvan.

As bewys waarvan ondergetekende Gevolmagtigdes, nadat hulle behoorlik gemagtig is, hierdie Konvensie onderteken het.

Gedoen te Guadalajara op die Agtiende dag van September Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig in drie outentieke tekste opgestel in die Engelse, Franse en Spaanse tale. In geval van enige teenstrydigheid is die teks in die Franse taal, in welke taal die Konvensie van Warschau van 12 Oktober 1929 opgestel is, deurslaggewend. Die Regering van die Verenigde State van Meksiko sal 'n amptelike vertaling van die teks van die Konvensie in die Russiese taal tot stand laat bring.

Hierdie Konvensie word in bewaring gegee aan die Regering van die Verenigde State van Meksiko waar dit kragtens Artikel XI vir ondertekening oop sal bly, en gesertifiseerde eksemplare daarvan moet deur daardie Regering gestuur word aan die Internasionale Burgerlugvaartorganisasie en aan alle ledestate van die Verenigde Volke of van enige Gespesialiseerde Agentskap.

Opmerking.—Name nie gedruk nie.

Save Time and Money, Use Franking Machines

Spaar Tyd en Geld, Gebruik Frankeermasjiene

To ensure a

Satisfactory Telephone Service

- Read the special services and other information pages of your directory for useful hints and directions.
- Avoid long conversations.
- Be sure of the number you want before making a call.
- Answer your telephone promptly and speak distinctly.

Om 'n

Bevredigende Telefoondiens

te verseker:

- Lees die nuttige wenke en aanwysings wat op die bladsye in verband met spesiale dienste en oor ander inligting in u telefoongids voorkom.
- Maak u gesprekke so kort moontlik.
- Wees seker dat u die regte nommer het voordat u 'n oproep maak.
- Beantwoord u Telefoon onmiddellik en praat duidelik.

CONTENTS		INHOUD	
<i>No.</i>	<i>Page</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy</i>
PROCLAMATION		PROKLAMASIE	
R. 93. Additions to the Warsaw Convention	1	R. 93. Toevoegings aan die Konvensie van Warschau	1